# Louis Trichardt Tehuis – 23 Des 2024

Ter verlenging van ons Rietvallei se "Omgee" vir 2024 (wat tydens ons 2024 AJV goedgekeur was), het ons 'n stewige aflewering vir 2024 bewerkstellig.

Die aflewering van 19 swart sakke en 2 kartondose het ingesluit skoene, handdoeke, warm truie en ander kledingstukke en warm maak goeters asook tydskrifte vir tydverdryf.

Sedert die Covid-19 pandemie het heelwat van die bejaardes afgesterf, verhuis, of by kinders ingetrek en sedert ons besoek in Julie 2023, het die tehuis 'n aantal inwoners verloor en nuwes bygekry. Tans woon 36 bejaardes in.

Die inwoners is hoofsaaklik van staatspensioen afhanklik. Die tehuis gaan tans ook finansieël gebuk onder ander uitgawes en is baie afhanklik van skenkings.

Hierdie was seer sekerlik weereens nog een van ons vele suksesse vir Rietvallei.

Onderstaande boodskap vanaf die tehuis en inwoners sê baie:

> *"Hello Tjaart. Die Bestuur en inwoners wil net hul dank uitspreek vir die donasies en dit was weer vir hulle lekker om "onthou" te word so in die feestyd.*
> *Thank you very much for the donation of beautiful clothes to the residents of Louis Trichardt Old Age home. The residents chose what they wanted and are very appreciative.*
>
> *Kind regards"*

ONS TUIS
otmt

**Mrs/Me. Jenny Wesson**
Matron/Matrone
A:69 Delaney Street
Danville
Pretoria 0033
T: (012) 386-5729
W:www.otmt.org

So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig aan hierdie spesiale 2024 projek deelgeneem het, ook in besonder De Meerpaal Aftree Oord vir hul skenking.

# Louis Trichardt Tehuis – 23 Des 2024

*Hieronder volg daar ook 'n paar fotobeelde wat vanselfsprekend is:*

**Foto 1:** *Onder matrone (links) en twee van die inwoners (regs) neem die skenkings in ontvangs tydens my besoek.*



**Foto 2:** *En sommer net nog 'n foto want ons KAN (uit dankbaarheid)!*



Groete
Tjaart
**NMS julle.**